



RING

AGRA CO-OPERATIVE LTD MEMBERS' NEWSLETTER / AGRA KOÖPERATIEF BPK SE LEDE NUUSBRIEF

THE SMALL STOCK MARKETING SCHEME: EVALUATING MARKETING AND PRICES

W Schutz, Manager Information, Meatboard of Namibia

1. Introduction

The Meat Board has, in line with Cabinet's decision, implemented a scheme with the goal of gradually and smoothly phasing in restrictions on sheep exports in order to support full utilisation of local capacity without major market disturbances with its trading partner, South Africa. Through this scheme producers have to perform locally (slaughter) before they are allowed to export live sheep.

The purpose of the scheme was to gradually phase in the local slaughtering of sheep, allowing the total industry (abattoirs, producers, transporters, agents, speculators and auctioneers) in terms of the Namibian Constitution to change their business so as to adapt to and establish new marketing channels and markets in South Africa and elsewhere.

This article aims to present an overview of the progress of the Small Stock Marketing Scheme.

2. Availability of sheep

The annual sheep numbers in the country as provided by the Directorate Veterinary Services' census have remained relatively stable over the past few years (Table 1), ranging between 2.3 million and 2.9 million.

By using average marketing figures from the past six years it is calculated that approximately 282 900 sheep will be available in the first quarter of 2008 (*This calculation does not include springback and goats*) while the available abattoir capacity is expected to be 292 800. In the event of all producers slaughtering all

(Table 1)

LIVESTOCK NUMBERS						
	2001	2002	2003	2004	2005	2006
Sheep	2,369,809	2,764,253	2,955,454	2,619,363	2,663,795	2,660,252
Commercial	2,104,397	2,498,956	2,671,148	2,373,195	2,407,639	2,384,250
Communal SCA	182,609	173,529	192,248	193,230	193,230	204,301
Communal NCA	82,803	91,768	53,919	62,926	62,926	71,701


available sheep locally during this period, 97 % of the local abattoir capacity will be utilised (Figure 1).

One of the main problems that abattoirs experience is the seasonal supply. From January to June each year abattoirs are slaughtering at very high volumes, stretching resources to their maximum capacity while the second half of the year abattoirs barely utilise half of their capacity and resources, increasing per unit costs.


3. Utilisation of slaughter capacity

It is evident from Figure 2, that the slaughtering graph after the onset of the scheme is a mirror image of live export before the implementation of the scheme (July 2004). Slaughtering as a percentage of total marketing represent approximately 85.3 % while live exports only represent 14.7 % of total marketing (January to December 2007).

(Figure 1) 6-Year monthly average lamb production cycle



(Figure 2) Long Term Trend in Marketing



THE SMALL STOCK MARKETING SCHEME

4. Monitoring of prices

Since the onset of the scheme, the price differences with that of the RMAA price, was a bowl of contention. Several meetings were held to try and come to an amicable solution. A Namibian reference price for A-grades (RMAA - N\$ 1.50) was agreed on and reaffirmed on several industry meetings. Abattoirs indicated that they will strive to pay the reference price for all other grades.

Evaluating Figure 3 and 4 it is clear that the Namibian abattoirs are not consistently meeting the reference price for A-grades as well as the other grades.

5. Expected market forecast (see figure 5)

6. Conclusion


When evaluating the progress of the scheme according to the main principles of local value-addition versus a fair price to be received by producers it is clear that the

determination and monitoring of prices need special attention, especially with regard to off-grades. Throughput at abattoirs, especially in the months of low production, needs attention, while capacity shortages in case of peak production months and special circumstances like droughts need to be taken into

account while drafting a long-term solution for small stock marketing.


Discussion between the abattoirs and producers, on the way forward, is under way and the intention is to get a long term solution which will benefit the total industry and the Namibian economy.

(Figure 5)




Source: AMT

(Figure 3) Reported carcass prices by Export Abattoirs (A-Grade -weighted)



* Namibian Ref Price = SARMAA price - N\$ 1,50

(Figure 4) Reported carcass prices by Export Abattoirs (C2-Grade)



STOETVEE BEHAAL REKORD PRYSE TE MIDDE VAN MOEILIKE JAAR

Kiep Lepen, Bestuurder: Agra Stoetveedienste

Die jaar 2007 sal onthou word as 'n jaar waarin die gunstige boerdery produksie omgewing wat gedurende 2006 geheers het dramaties na ongunstige toestande verander het. Die ouer generasie boere is mos die mening toegedaan dat, wanneer dit die voorspoedigste gaan is die moeilikheid om die draai. Ondanks die moeilike boerdery toestande is daar tog rede tot dankbaarheid en het die jaar verskeie hoogtepunte opgelewer waarop die stoetbedryf inderdaad trots kan wees. Vir eers word die faktore wat aanleiding gegee het tot 2007 se verswakende boerdery omstandighede in oënskou geneem.

- Laer en swakker verspreide reëval teenoor die vorige jaar
- Gevolglik swakker weidingstoestand
- Ligter gewigte van diere tydens bemarking
- Stygende brandstofpryse
- Stygende rentekoerse
- Laer vleispryse
- Aansienlike styging in produksiekostes
- Verskille tussen die EU en die Namibiese owerheid ten opsigte van sekere kwessies in die EPA-ooreenkoms wat betrekking het tot marktoegang na die EU
- Grensbeheer en die effek daarvan op netto boerdery inkomste in die kleinveebedryf
- Dreigende inperking van elektrisiteit voorsiening deur Suid-Afrika aan Namibië

Ten spyte van bogenoemde faktore wat veeboerdery die afgelope jaar negatief beïnvloed het, is die stoetbedryf daarenteen steeds besig om te groei. Die Namibiese Stoettersvereniging meld die volgende statistieke in hul jaarverslag van 2007. Sedert 2000 het die aantal Telersgenootskappe na 24 toegeneem (64% toename), die aantal telers na 447 (116% toename) en die aantal geregistreerde diere na 51 658 (95.6% toename) waarvan die grootvee 32 466 en die kleinvee 19 192 uitmaak.

Dit is ook verblydend om te sien dat daar tog nog jong seuns is wat stoetvee boerdery oorneem. Om vandag 'n bestaan uit veeboerdery te maak is 'n geweldige uitdaging. Dit verg kapitaal, vee- en landboukundige kennis asook bestuursvaardigheid en deursettingsvermoë. Vir die volhoubaarheid van die stoetbedryf beteken hierdie kontinuïteit besonder baie. Gee tog maar vroegtydig oor aan die jonger generasie boere. Hulle is trouens die entrepreneurs met nuwe idees en gedagtes. Moenie te lank aan die boerdery vasklou as u kinders belangstel om te kom boer nie. Dit demp hulle entoesiasme. Met die gevolg dat hulle later mag besluit om dalk glad nie plaas toe te kom nie. Moenie te veel inmeng nie, u kind sal weldra uit sy eie foute leer. Wanneer hy groot is sal hy erken, pa was reg. Nou is hy eers te trots.

Die getal ontluikende stoetters neem ook steeds toe wat die behoefte na opleiding al groter maak. Agra het hier 'n groot stap geneem met die onlangse aanstelling van Dr Hassel (veearts) wat betrokke is met die opleiding van ontluikende boere. Daarby het Agra Stoetveedienste die afgelope jaar verskeie ontluikende boere geadviseer met die aankoop van bulle en aanteeldiere asook met die

implementering van algemene boerderybestuurspraktyke, teeldoelwitte en seleksieprosedures.

Namibië is geseën met uitstekende genetiese groot- en kleinvee teeldiere wat uitstekend aangepas is onder die land se heersende klimaat- en omgewingsuiters. Die vernietigende effek van bosindringing op weiding ekosisteme bly egter steeds die vernaamste faktor wat volhoubare en winsgewende boerdery kniehalter. 'n Mens kan dus sê dat die genetiese potensiaal van Namibië se stoetdiere waarskynlik die voedingsvermoë van die land se natuurlike omgewing oortref. Gevolglik bereik stoetdiere, asook hul nageslag, nie hul volle genetiese potensiaal nie. Dit as gevolg van die beperking wat klimaatuiters en die dramatiese afname in die drakrag van die natuurlike weiding op die produksie-omgewing plaas. Ten opsigte van kommersiële groot- en kleinvee boerdery kan die vraag tereg gevra word, ervaar ons tans 'n verhoging in die produktiwiteit van kommersiële vleisproduksie in die land? Hou die kommersiële sektor tred met die vooruitgang in die stoetveebedryf? Hoe beïnvloed faktore soos onder meer die onsekerheid in die bedryf en die totale agteruitgang en verval van sekere plaasgronde, wat dwarsoor die land sigbaar is, kommersiële doeltreffendheid van produksie? Daar is egter ligpunte, want dit is verblydend om te sien dat daar wel groot projekte op veral kommersiële plase in die Gobabis, Okahandja, Hochfeld, Grootfontein en elders geloods word om die drakrag van die natuurlike weiding te herwin d.m.v ontbossing. Daarteenoor is die stoetbedryf besig om in getalle toe te neem, die kwaliteit verbeter, nuutste tegnologie ten opsigte van teling en seleksie hulpmiddels word aangewend, ensomeer. Op die huidige oomblik oortref die aanbod van kuddebulle en ramme die aanvraag. Indien ons egter die drakrag van die natuurlike weiding herwin kan die getalle van die kommersiële vroulike diere toeneem, doeltreffendheid van produksie kan verhoog wat die stoetbedryf op sy beurt sal stimuleer en stoetters behoort aan te moedig om meer winsgewende diere te teel.

Ondanks die ongunstige boerdery omgewing van 2007 het die stoetbedryf wel enkele hoogtepunte opgelewer wat 'n duidelike weerspieëling is van die genetiese meerderwaardigheid van Namibië se stoetdiere. Benewens die duurste bul wat verkoop is, is die hoogste gemiddelde prys per bul ooit behaal. Hardus en Ansie Breedt van die Rumba Simbrastoet het tydens die Windhoek skouveiling die Simbra bul "Dollar" aan Kerneels Derksin verkoop vir 'n ongelooflike prys van N\$ 135 000. Baie geluk aan Hardus en Ansie! 'n Mens word altyd beloon vir eerlike en harde werk. Daarteenoor

is die duurste ram deur Philip Strauss vir 'n allemintige prys van N\$160 000 van die hand gesit. Wat 'n besondere prestasie en baie geluk! Die koper was J.A. Steyn. Deur baie harde en toegewyde werk het Philip sy Dorperstoet met 'n passie opgebou en sy skou prestasies spreek vanself. Philip se bydrae aan die kleinveebedryf is van onskatbare waarde en Namibië is trots op hom. Insgelyks is die hoogste gemiddeld ooit van N\$ 21 813 behaal vir die 627 bulle wat in 2007 verkoop is. Soos wat die weidingstoestand na die einde van die jaar verswak het, het die aanvraag na bulle ook afgeneem en het die verkooppersentasie by van die veilings aansienlik gedaal. In die geval van die Dorpers het die tipe 5 ramme 'n gemiddeld van N\$ 15 556 (90 ramme) behaal wat opsigself 'n uitstekende prestasie is. Baie geluk ook aan die kleinveetelers!

Gedurende 2007 het Agra 29 grootvee- en 26 kleinveestoetveeilings landswyd aangebied. Die 627 bulle wat in 2007 verkoop is, is welliswaar minder as die rekordgetal van 835 bulle van die vorige jaar. Die twee faktore wat die grootste invloed op bulpryse het, is reëval en vleispryse. Daarom die laer getal bulle wat die afgelope jaar verkoop is. Wat die kleinvee betref is 'n totaal van 1 220 ramme verkoop teenoor die 1 184 van 2006 en 1 135 van 2005. Sowat 107 grootvee- en 73 kleinveestoetters het in 2007 diere deur Agra Stoetveedienste bemark.

Die volgende 10 grootveestoetveeilings het in 2007 die hoogste omsette behaal:

Central Select (N\$ 1 447 550)
Northern Select Winter Bull & Female Sale (N\$ 1 269 000)
Namibia Genetics (N\$ 1 178 200)
Windhoek Summer Sale (N\$ 927 500)
Superior Genetics (N\$ 909 000)
Weselike Bonsmara Veiling (N\$ 872 000)
Bonsmara Nasionale Veiling (N\$ 811 700)
Nguni Nasionale Veiling (N\$ 655 750)
Northern Select (N\$ 626 000)
Brahman Nasionale Veiling (N\$ 596 000)

Baie geluk aan die telers wat by bogenoemde veilings betrokke was. Die aanbod van bulle saam met goeie kwaliteit aanteeldiere raak meer populêr veral in goeie reënare wanneer 'n hoër aanvraag na aanteeldiere ervaar word.

Die Northern Select telers as groep het, soos die vorige twee jare, die hoogste omset van N\$ 1 895 000 behaal. Baie geluk aan Mecki en Brigitte Schneider, Hagen en Birgit Eggert, Guenter en Charlotte Hellinghausen, Sidney Martin, Ulla en Armin van Bijljon. Die aanbod van top kwaliteit diere, 'n katalogus met al die noodsaaklike besonderhede, voldoende advertensie, nasorgdiens aan kopers asook menslikheid en eerbaarheid is die sleutel tot die sukses van bogenoemde groep telers.

Wat die kleinveetelers betref het die volgende ses veilings die hoogste omsette behaal:

Philip Strauss Dorpers (N\$ 1 508 450)
KTG Elite (N\$ 933 650)
Lovedale Farming & Piet Jacobs (N\$ 694 500)



continued on p. 6

STOETVEE BEHAAL REKORD PRYSE

Floors Nel & Kosie Esterhuizen (N\$ 631 150)
KTG Elite Herfs Veiling (N\$ 614 950)

Benewens die feit dat Philip Strauss Dorpers die hoogste omset van die kleinveestoeveilings behaal het, is dit ook die algehele hoogste omset van al die stoetvee veilings wat deur Agra aangebied is. Baie geluk aan Philip met hierdie besondere prestasie!

As groep het Riaan de Klerk die hoogste totale omset van N\$ 725 450 behaal, gevolg deur Francois & Wallace Theron, Kobus van Wyk en Nic Kruger met N\$ 687 150 en Paul en Arnold Klein met N\$ 580 950. Baie geluk ook aan hierdie telers met 'n puik prestasie!

Soos reeds genoem is die duurste bul (N\$ 135 000) wat vanjaar van die hand gesit is "Dollar", die pragtige Simbra bul van Hardus en Ansie Breedt. Die tweede duurste bul is 'n Simbra bul van Diethelm en Katja Metzger wat tydens die Central Select vir N\$ 124 000 verkoop is. Ander uitsonderlike prestasies is die Brahman bul "Fires" van Cobus van der Merwe wat vir N\$ 80 000 tydens die Brahman Nasionale veiling verkoop is, die Bonsmara bul van Ernie de Vries wat tydens die Bonsmara Nasionale veiling vir N\$ 72 000 van eienaar verwissel het en die Simmentaler bul van A P Bouwer wat aan sy vorige eienaar Stefan Voigts tydens die Summer Sale verkoop is vir N\$ 52 000. Dan is daar 7 bulle wat meer as N\$ 40 000 behaal het en 'n verdere 16 bulle wat N\$ 30 000 en duurder was.

Ten opsigte van die kleinvee het Philip Strauss vanjaar die duurste Dorper ram vir N\$ 160 000 van die hand gesit. Verder het Kosie Esterhuizen 'n Dorper ram vir N\$ 45 000 verkoop, terwyl Philip Strauss op die Topramveiling, 2 Dorper ramme vir onderskeidelik N\$ 42 000 en N\$ 36 000 verkoop het. Daarteenoor het Lovedale Farming 3 Karakoel ramme vir N\$ 38 000, N\$ 23 000 en N\$ 21 000 respektiewelik verkoop. Insgelyks het PA Karsten 2 Karakoel ramme vir onder meer N\$ 30 000 en N\$ 27 500 van die hand gesit. Die duurste Boerbok ram kom uit die stalle van De Klerk van Wyk en is vir N\$ 18 500 verkoop. Vervolgens het Francois Theron die duurste Van Rooy ram verkoop vir N\$ 5 500 terwyl Nic Kruger die duurste Damara ram vir N\$ 3 750 van die hand gesit het.

Die jaar 2007 sal in die toekoms gekenmerk word as 'n Simbra stoetvee veilingsjaar. Ondanks die feit dat 'n Simbra bul die hoogste prys behaal het, het die Simbras ook met die louere weggestap ten opsigte van die ras wat die hoogste gemiddelde prys behaal het. Die gemiddelde prys van N\$ 35 604 vir die 48 Simbra bulle wat verkoop is, is die hoogste gemiddeld wat ooit per ras behaal is. Dit is voorwaar 'n rekord waarop die Simbratelers trots kan wees. Die tweede hoogste gemiddeld gaan aan die 6 Braunvieh bulle wat vir 'n gemiddeld van N\$ 25 000 van die hand gesit is. Hierna volg die Simmentalers (140 bulle vir gemiddeld N\$ 21 832), Brahmane (174 bulle vir N\$ 21 581) en die Bonsmaras (146 bulle vir gemiddeld N\$ 21 267).

Soos verskeie kere in die verlede het die Brahmane weereens vanjaar die meeste bulle (174) verkoop, gevolg deur die Bonsmaras (146), Simmentalers (140) en die Simbras met 48 bulle.

Betreffende die kleinvee is die 948 Dorper ramme vir gemiddeld N\$ 5 472 verkoop, 113 Karakoel ramme vir gemiddeld N\$ 5 399, 103 Boerbok ramme vir N\$ 3 955, 10 Damara ramme vir N\$ 2 125 en 46 Van Rooy ramme vir gemiddeld N\$ 1 266.

Uiteraard is die gesogte prestasie sonder twyfel dié teler wat die hoogste gemiddeld per produksie veiling behaal.

Vir 2007 gaan hierdie eer aan Diethelm en Katja Metzger wat tydens die Central Select, 16 Simbra bulle verkoop het vir 'n uitsonderlike gemiddeld van N\$ 38 375. Hierna volg Hardus en Ansie Breedt (3 bulle van N\$ 31 333), Friedrich Redecker (5 bulle van N\$ 30 400), Reinie Rusch (5 bulle van N\$ 28 200), Hagen en Birgit Eggert (5 bulle van N\$ 26 200), J. Oberholster (3 bulle van N\$ 25 333), Hans-Peter Deloch (12 bulle van N\$ 25 166) en Hannes Human (3 bulle van N\$ 25 000).

In die geval van die kleinvee gaan die eer aan Lovedale Farming wat tydens die KTG Elite, 6 Karakoelramme van die hand gesit het vir 'n gemiddeld van N\$ 16 417. Insgelyks het P.A. Karsten 2 Karakoel ramme op die KTG Elite verkoop vir gemiddeld N\$ 16 000, Lovedale Farming op die Karakoel ramveiling 'n verdere 9 Karakoel ramme vir gemiddeld N\$ 13 889, terwyl G.T. Karsten 18 Karakoel ramme vir 'n gemiddeld van N\$ 12 417, Gellap-Ost 12 ramme vir gemiddeld N\$ 11 542, K. Kotze 8 ramme vir gemiddeld N\$ 9 750 en J.H. Duvenhage 10 ramme vir gemiddeld N\$ 9 700 verkoop het. Ten opsigte van die Dorpers het Philip Strauss 75 ramme vir 'n fenominale gemiddeld van N\$ 12 037 verkoop, terwyl Paul en Arnold Klein 5 ramme vir gemiddeld N\$ 8 180 van die hand gesit het.

Die hoogtepunt van 2007 is ongetwyfeld die prestasie wat die Simbra telers behaal het. Nie alleen het hulle die duurste (N\$ 135 000) en tweede duurste bulle (N\$ 124 000) verkoop nie, maar ook die hoogste gemiddeld (N\$ 35 604) per ras behaal. Daarby is 6 Simbra koeie tydens die Windhoek skouveiling vir gemiddeld N\$ 24 667 verkoop, terwyl op die Central Select 17 Simbra verse van eienaar verwissel het vir 'n gemiddeld van N\$ 12 412. Die belangstelling vanuit Suid-Afrika vir Namibiese Simbras is 'n aanduiding van die genetiese kwaliteit van diere wat deur Namibiese telers geteel word. Baie geluk aan die Simbratelers met 'n besondere prestasie. Hierdie prestasie behoort as aansporing vir ander rasse te dien. Vir die stoetbedryf sal dit baie beteken as daar meer-en-meer Suid Afrikaanse kopers in Namibiese genetiese materiaal belangstel.

'n Verdere hoogtepunt was die Brahman - sowel as die Bonsmara Nasionale veilings wat onderskeidelik gemiddeldes van N\$ 29 800 vir 20 bulle en N\$ 31 391 vir 23 bulle behaal het. Hierdie suksesvolle resultate van Namibië se nasionale veilings beklemtoon weereens die waarde van sodanige veilings insake die genetiese materiaal wat alhier geteel word en die beskikbaarmaking daarvan op 'n geordende wyse aan die bedryf.

Die Superior Genetics het alle verwagtinge oortref. 50 Brahman, Simmentaler, Sussex en Hereford bulle van 7 telers (Friedrich Redecker, Rynand Mudge, Claus Duvel, Marlese Rusch, Cobus van der Merwe, Mike Krafft en Reinie Rusch) is aangebied waarvan 40 bulle van die hand gesit is vir 'n gemiddeld van N\$ 22 725. Wanneer die aanbod uit 'n variasie van rasse met meerderwaardige genetiese kwaliteit bestaan, is die belangstelling van die koper se kant des te meer.

Vir die eerste keer is 'n baie suksesvolle Simmentaler Nasionale veiling aangebied (16 bulle teen 'n gemiddeld van N\$ 26 438). Die aanbod was egter klein en die vertroue is dat die aanbod vanjaar aansienlik groter sal wees. Die Simbratelers kan selfs besluit om uit eie geleedere hierdie veiling te ondersteun. Dit behoort meer kopers na die Nasionale veiling te trek met hopelik soortgelyke resultate as die ander Nasionale veilings.

Insake die kleinvee troon die prestasie wat die Karakoel telers vanjaar behaal het uit soos 'n paal bo water. Vir jare se harde werk en deurstellings vermoë word telers ten einde en laaste beloon. Baie geluk ook

aan die telers met die publiserings van 'n boek wat 'n samevatting is van die Karakoel se bestaan die afgelope 100 jaar in Namibië. Dit is voorwaar 'n mylpaal. Die prestasie wat Philip Strauss (20 tipe 5 ramme vir 'n gemiddeld van N\$ 28 175 : totaal 75 ramme vir gemiddeld N\$ 12 037) op sy produksie veiling van 22 Februarie 2007 behaal het, is 'n hoogtepunt wat moeilik in die toekoms oortref sal word.

Opsommend is die stoetveilings deur die volgende tendense gekenmerk:

- Die gemiddelde prys vir bulle en ramme was uitsonderlik hoog.
- Die hoogste prys ooit is behaal.
- Minder bulle is verkoop teenoor meer ramme.
- Brahman, Bonsmara en Simmentaler bulle bly steeds hoog in aanvraag.
- Simbra bulle was vanjaar meer in aanvraag en is teen uitsonderlike pryse verhandel.
- Karakoel ramme was hoog in aanvraag en het ook teen buitengewone pryse verhandel.
- Kwaliteit Dorper ramme behaal steeds goeie pryse en behoort so voort te duur.
- Minder aantel diere is verkoop teenoor verlede jaar.
- Die aanvraag na kwaliteit stoet bulle en - ramme neem jaarliks toe.
- Grensbeheer en binnelandse verslagings het die aanvraag na vetstertipes soos Damara en Van Rooy op veilings laat daal.

Vir die eerste keer spog 'n Namibiese Teler met die prestige titel van Suider-Afrikaanse Vleisbeesteler van die jaar. Namibië is trots op Mecki en Brigitte Schneider met die verowering van hierdie gesogte prys. Okabra Brahmane verdien hierdie toekening. Verder het Dr Arthur Bagot-Smith die toekening van Simbrabul van die jaar en 'n nuwe teler Danie Botes die toekening van Brahmanbul van die jaar verower wat ook prysenswaardig is.

Uitdagings aan die stoetbedryf:

- Elke stoeteler en kommersiële produsent behoort die doelwit te hê om jaarliks ten minste 'n minimum van 200 ha te ontbos ten einde die natuurlike hulpbron, wat eens die goedkoopste voedingsbron vir diere was, te herwin.
- Verhoog die dragak en produktiwiteit van u bestaande grond aangesien die aanskaffing van addisionele grond onmoontlik is. Die produksie van addisionele voer in terme van aangeplante weidings en voergewasse behoort meer aandag te geniet.
- Handhaaf goeie arbeidsverhoudinge met u werkers. Verhoog hulle vermoëns en effektiwiteit deur die bywoning van kursusse. Bekwame werkers bevorder doeltreffende kudde- en algehele plaasbestuur.
- Gee meer aandag aan die ondersoek en implementering van organiese veeboerdery praktyke.
- Neem kennis van die behoeftes van die kommersiële bedryf. Hoe groter is nie noodwendig beter nie. Kry 'n balans tussen u produksie-omgewing en die markbehoefte.
- Wend beraamde teelwaardes in balans aan met ander seleksie hulpmiddels, veral voorkoms norme gebaseer op funksionele doeltreffendheid. Onthou altyd dat Namibië 'n land van omgewingsuiterstes is. Lê meer klem op teelwaardes vir maternale produksie, geboorte, 200 dae, 600 dae, melk- en karkaseienskappe in u teel- en seleksiedoelwitte om die meer winsgewende diere te identifiseer. Dit sal mebring dat ons mooi en funksionele en winsgewende diere teel.

continued on p. 7

STOETVEE BEHAAL REKORD PRYSE

- Bogenoemde inligting behoort in elke katalogus te verskyn. Slegs 'n vaer, moer en geboortedatum is nie meer vir die moderne boer aanvaarbaar nie.
- Korrekte veeartsenykundige inligting moet in die katalogus verskyn veral ten opsigte van vrugbaarheidstoetse en skedewasse wat op bulle gedoen is, dragtigheidstoetse op vroulike diere en alle inentings en doserings wat uitgevoer is. Vrugbaarheid- en dragtigheidsertifikaat moet die dag voor die veiling ingehandig word.
- Die internet sal 'n al meer betekenisvolle rol vervul in die verskaffing van inligting oor stoetdiere en die promosie van u stoet in Afrika en die res van die wêreld.
- Protokole sal in plek moet kom vir die uitvoer van genetiese materiaal. Die stoetbedryf sal die inisiatief

moet neem en in samewerking met die owerheid hierdie aksie dryf.

- Die behoefte na 'n tegniese adviesdiens op die plaas behoort georganiseerd deur die bedryf aangespreek te word.

Baie dankie aan die telers wat hulle inligting betyds aan die kantoor besorg het. Diegene wat dit nie gedoen het nie, probeer dit asseblief hierdie jaar doen. Elke teler sal 'n skrywe ontvang waarin aangedui sal word, die veiling(s) waarby u betrokke is en die teikendatum wanneer inligting die kantoor moet bereik.

Agra wil ook op hierdie wyse sy dank en waardering uitspreek teenoor alle groot- en kleinveetelers wat hulle veilings aan Agra toevertrou het. Namens Agra en alle stoettelers wil ons ook alle kopers wat die veilings deur die jaar ondersteun het, bedank vir julle getroue ondersteuning.

Ek wil ook die geleentheid gebruik om vir Suzanne en Zanelle in die kantoor dankie te sê vir hulle toegewyde en onbaatsigtig diens wat somtyds baie lang ure na werkstyd ingesluit het. Aan Gert en Jan baie dankie ook vir julle insette in die suide. Agra is trots op dit wat julle in 'n kort tyd vermag het!

Dit is Agra stoetveedienste se missie om met 'n passie 'n professionele, flink en eerlike diens aan die stoetbedryf te lewer.

Alle sukses met u teling en bemarking vanjaar. Ons sien uit om al die nuwe teelbulle en -ramme wat gekoop is onder oë te neem, asook u aanbod vir 2008.

Dis ons bede dat stabiliteit en vooruitgang in ons mooi land sal seëvier. Ons verneem met dankbaarheid in ons harte van die wydverspreide reën wat so onverdiend in Februarie ontvang is.

Opsomming van 2007 Bulveilings


Veiling	Ras	Verkoop	Gem. Prys (N\$)	Hoogste Prys (N\$)
Windhoek Summer Sale 15/02/07	Bonsmara	4	19 750	26 000
	Brahman	4	19 750	27 000
	Hereford	1	8 000	8 000
	Santa Gertrudis	5	12 200	16 000
	Simbra	5	24 000	27 000
	Simmentaler	16	21 688	52 000
Hochfeld Gesamentlik 01/06/07	Brahman	7	19 357	25 000
	Braunvieh	1	15 000	15 000
	Limousin	1	16 500	16 500
	Simmentaler	7	18 500	21 500
Northern Select Winter Bull & Female Auction 08/06/07	Brahman	21	22 476	42 000
	Simmentaler	20	20 400	34 000
Nguni Nasionaal 06/07/07	Nguni	10	16 350	30 500
Noordelike Santa 27/07/07	Santa Gertrudis	24	15 479	29 000
Noordelike Bul 01/08/07	Angus	2	12 000	15 000
	Brahman	7	18 786	23 500
	Limousin	3	18 500	19 000
	Simbra	2	21 000	21 000
	Simmentaler	5	21 600	28 000
Noordelike Bonsmara 15/08/07	Bonsmara	20	17 300	25 000
Simmentaler Nasionaal 16/08/07	Simmentaler	16	26 438	45 000
Brahman Nasionaal 21/08/07	Brahman	20	29 800	80 000
Emok Bonsmaras 24/08/07	Bonsmara	4	16 500	19 000
Namibia Genetics 31/08/07	Angus	3	17 000	22 000
	Beefmaster	7	17 857	22 000
	Brahman	8	21 875	26 000
	Charolais	3	17 333	23 000
	Limousin	5	23 600	28 000
	Simbra	3	20 000	23 500
Simmentaler	2	23 000	29 000	
Duikersvlei 05/09/07	Bonsmara	4	17 750	24 000
	Brahman	2	17 000	19 000
	Simbra	0	0	0
	Simmentaler	4	15 500	16 000
Stampriet Bul 07/09/07	Brahman	6	21 917	35 000
	Brangus	4	13 375	17 000
	Limousin	2	15 000	15 000
	Nguni	1	7 000	7 000
Eastern Genetics 07/09/07	Beefmaster	0	0	0
	Bonsmara	1	14 000	14 000
	Brahman	0	0	0
	Charolais	2	16 250	16 500
	Hereford	0	0	0
	Santa Gertrudis	3	24 000	41 000
Simmentaler	1	21 000	21 000	

Veiling	Ras	Verkoop	Gem. Prys (N\$)	Hoogste Prys (N\$)
Central Select 12/09/07	Brahman	5	16 200	18 000
	Limousin	3	19 000	26 000
	Simbra	16	42 375	124 000
	Simmentaler	16	23 188	32 000
Bonsmara Nasionaal 14/09/07	Bonsmara	23	31 391	72 000
Superior Genetics 19/09/07	Brahman	23	24 000	41 000
	Hereford	1	12 000	12 000
	Simmentaler	12	23 750	36 000
	Sussex	4	15 000	15 000
St Blaize 21/09/07	Brahman	15	21 400	30 000
	Sussex	13	18 538	22 000
Freyer & Seuns 25/09/07	Bonsmara	7	21 714	27 000
Windhoek Skou 05/10/07	Brahman	7	26 571	38 000
	Brangus	1	20 000	20 000
	Braunvieh	4	29 250	46 000
	Hereford	0	0	0
	Limousin	0	0	0
	Simbra	12	49 167	135 000
	Simmentaler	5	29 600	42 000
Sussex	2	25 500	32 000	
R & M Rusch 09/10/07	Brahman	5	22 000	35 000
	Simmentaler	18	20 778	30 000
Hochfeldstreek Bonsmaras 10/10/07	Bonsmara	17	19 176	36 000
Paresis 12/10/07	Bonsmara	1	20 000	20 000
	Brahman	0	0	0
	Braunvieh	1	21 000	21 000
	Limousin	0	0	0
	Simbra	7	22 714	36 000
	Simmentaler	5	19 200	31 000
Sussex	0	0	0	
Hochfeld Gesamentlik 16/10/07	Bonsmara	9	19 556	36 000
	Brahman	8	17 250	22 000
	Braunvieh	0	0	0
	Hereford	6	17 667	22 000
	Simmentaler	9	17 889	23 000
Khomas Gesamentlik 19/10/07	Beefmaster	2	13 000	13 000
	Bonsmara	12	17 250	35 000
	Brahman	2	21 500	23 000
	Limousin	1	15 000	15 000
	Santa	0	0	0
	Simbra	3	20 000	22 000
	Simmentaler	1	15 000	15 000
Sussex	4	18 000	21 000	
Otavi Star 26/10/07	Brahman	7	18 971	27 000
	Gelbvieh	0	0	0
	Simmentaler	1	17 000	17 000
Northern Select 02/11/07	Brahman	27	21 519	39 000
	Simmentaler	2	22 500	24 000
Westelike Bonsmara 07/11/07	Bonsmara	30	23 433	46 000
Oostelike Bonsmara	Bonsmara	14	15 929	24 000


Opsomming per ras van 2007 Bulveelings

Ras	Aantal Verkoop	Gem. Prys (N\$)	Hoogste Prys (N\$)	Duurste prys gekoop (Koper)	Duurste prys verkoop (Teler)
Afrikaner	0	0	0	0	0
Angus	5	15 000	22 000	C J Greeff	G J G Vermeulen
Beefmaster	9	16 778	22 000	I J Coetzee	R van der Merwe
Bonsmara	146	21 267	72 000	Bacab (Pty) Ltd	E M Arnold
Brahman	174	21 581	80 000	A X Compion	J A van der Merwe
Brangus	5	14 700	20 000	G J G Vermeulen	Delpport Brangus Boerdery
Braunvieh	6	25 000	46 000	J N Botha	D B Delpport
Charolais	5	16 900	23 000	T Z M Hijarunguru	J A Calitz
Hereford	8	15 750	22 000	W Kronke W M S Farming	H Kebbel Kebbel
Limousin	15	19 467	28 000	A P Jamieson	W S Tromp
Nguni	11	15 500	30 500	Blue View Holdings	H Held
Santa Gertrudis	32	15 766	41 000	Oosthuizensrust CC	M C Human
Simbra	48	35 604	135 000	C Derksen Trust	H Breedt
Simmentaler	140	21 832	52 000	H G S Voigts	Ombika Boerdery
Sussex	23	18 435	32 000	R Retief	J A van der Merwe


Aantal bulle verkoop 1990 - 2007



Gemiddelde Bul Pryse



Beesgetalle per jaar bemark



Opsomming per ras van 2007 Kleinveeveelings

Ras	Aantal Verkoop	Gem. Prys (N\$)	Hoogste Prys (N\$)	Duurste prys gekoop (Koper)	Duurste prys verkoop (Teler)
Boerbok	103	3 955	18 500	J C van Wyk	De Klerk van Wyk
Damara	10	2 125	3 750	B du Plessis	N Kruger
Dorper	948	5 472	160 000	J A Steyn	P Strauss
Karakoel	113	5 399	38 000	W J N Louw	Lovedale Farming CC
Van Rooy	46	1 266	5 500	P B Viljoen	S F Theron

Opsomming van 2007 Kleinveeveelings

Veiling	Ras	Verkoop	Gem. Prys (N\$)	Hoogste Prys (N\$)	
Riaan de Klerk 18/01/07	Dorper Klas 5	10	11 450	18 000	
	Dorper	49	3 457	7 500	
	Dorper Stoet	22	4 818	10 000	
	Boerbok	6	3 383	4 200	
Binneman & Dreyer 25/01/07	Dorper Klas 5	10	11 400	21 000	
	Dorper	24	4 583	6 500	
	Dorper Stoet	11	6 159	9 000	
